THYS DIE BOSVELDKLONG WORD 'N BRUILOFKLONG – EN VERRUIL DIE TITANIC VIR 'N HUWELIKSTREIN

Deur Haidee Muller
Foto's: Corrie Hansen

BRAVO VIR DIE LIEFDE

DIE strelende klanke van vioolmusiek dans in die oggendlug en 'n vrolike atmosfeer heers onder die gaste. Die rooikop-man-van-die-oomblik voel effens benoud in sy deftige pak – veral toe die vioolspeler lostrek met Celine Dion se My Heart Will Go On.

"Jong, is dit nie daai liedjie wat gespeel het toe die Titanic gesink het nie? Ek hoop nie dis 'n teken nie," spot Thys Streicher (34), ook bekend as Die Bosveldklong.

Vandag kry die sanger en komediant die strop om die nek en die senuwees knaag nogal hier in die tuin van die spoggerige Café Gannet met sy pragtige uitsig oor die see by Mosselbaai.

Die trompetspeler begin die troumars speel en toe, alte pragtig in 'n ivoorkleurige trourok van die ontwerper Annie P, kom Debbie van Deventer (32) aangestap.

En daar langs die dominee, dr. Pieter de Jager met sy groen das (Thys noem hom die OUTsurance-man), kan g'n mens die breë glimlag van die bruidegom se bakkies afgevee kry nie.

Pieter se knieë het gelukkig darem ophou bewe – net 'n dag tevore het hy saam met Thys, 'n regte adrenalienvraat, by die Gourits-brug gereksprong.

Sy boodskap is kort en kragtig. "Onthou altyd die woordjie 'bravo'," sê hy. "Die B is die boustene van die huwelik – julle moet begrip vir mekaar hê. Die R is vir respek – julle moet so optree dat julle mekaar se respek verdien. Die A staan vir aanvaarding – julle moet mekaar aanvaar soos Christus julle aanvaar. Die V staan vir vertroue en die O vir openhartigheid, een van die belangrikste boustene van die huwelik."

En voor jy kan sê Titanic, is Thys en Debbie meneer en mevrou, en almal kuier in die restaurant.

HOOFFOTO: Thys die Bosveldklong en sy nuwe vrou, Debbie, met Mosselbaai se bekende Santos-strand op die agtergrond. INLAS: Debbie se besonderse antieke ring met groen en swart diamante en 'n rookkwartssteen was 'n geskenk van Thys se vriend Bez Bezuidenhout. LINKS: Dr. Pieter de Jager, 'n familievriend, lei die seremonie. Skuins agter Thys sit sy broer en strooijonker, Piet Streicher. ONDER: "Ons is geseënd," sê die sanger in sy deftige pak van Coquis Mansuitrusters in Pretoria.

Daar smul die gaste alte heerlik aan Thaise hoenderkebabs, seekos-paella, wildspotjie, gevulde hoenderborsies, kraakvars slaaie en nog wat, gevolg deur pure dekadensie – 'n sjokoldade-fontein, malvapoeding, kaaskoek en aarbeie vir die lafhartiges.

"Ek het die mooiste vrou," sê Thys toe hy sy toespraak hou. "Ek is baie lief vir jou en dankie dat ek jou man mag wees."

TWEE dae tevore ontmoet ons Thys-hulle by 'n Mosselbaaise eetplek om te hoor of die senuwees al begin vonkies maak.

Hy maak dadelik verskoning vir sy klam kortbroek. "Ek het haaie gaan voer," sê hy ewe ongeërg asof dit 'n alledaagse ding is.

Hy en Debbie – die twee woon in Pretoria – was glad nie lus vir 'n stywe, formele gedoente nie.

"Ons doen altyd sulke lekker goed saam en wou iewers ver gaan trou en net lekker saam met pelle kuier op die Choo-Tjoe-trein op pad George toe," beduie Thys.

Hy het dié restaurant op 'n werkreis ontdek en sommer geweet Debbie, 'n binneversierder, sou dol wees daaroor.

Die man was reg.

"Toe ek daar instap, was dit perfek-perfek," koer sy.

Eintlik was dit so hittete of hulle het mekaar nie ontmoet nie.

" 'n Pel van my het my genooi vir ete en 'n vriendin, Monique Davel, saamgenooi. Dié wou nie alleen kom nie en wou Debbie opsluit saamsleep," vertel Thys.

"Nie ek of Debbie was daai aand eintlik lus om uit te gaan nie, maar toe gaan ons tog en ons kliek dadelik."

Debbie het g'n idee gehad wie hy is nie en het gewonder hoekom almal in die kuierplek Thys so vriendelik groet.

"Ja, dis waar," erken sy verleë. "Ek het hom gevra wat hy doen. Hy sê toe hy is 'n Afrikaanse sanger/komediant en vra my of ek dan Engels is."

Die twee skaterlag.

Thys het g'n gras onder sy voete laat groei nie – die volgende dag het hy haar na 'n optrede in Roodepoort genooi.

"Sy het gedink ek sing seker by die een of ander restaurant; en toe sy daar kom, is daar 2 000 mense. Toe gaan staan sy heel agter in die handtekeninge-ry en wag ure net om vir my hallo te sê.

"Ek dink nie eens sy weet ek is 'n sekssimbool nie," grinnik Thys.

Op hul eerste afspraak het hulle nogal die fliek The Break-Up gaan kyk. Daardie dag het Debbie se bene behoorlik "gehop" en sy het "van binne gebewe".

Op sy beurt het Thys met 'n knal agtergekom dié kunstige vrou is sy verlore stukkie legkaart. Elf maande later was dit sulke tyd.

Hierdie liefie van haar is vol verrassings, sê die oulike donkerkop – sy en Thys noem mekaar Sooopie of sommer Sooopiekind. Ja, sy het glad nie geweet wat kom nie, beaam Thys.

"Ek het gevra sy moet een middag ná werk saamgaan na 'n pel toe. Eintlik was sy nie lus vir uitgaan nie."

Intussen het hy die hele toetie haarfyn beplan saam met sy vlieënier-pel Wimpie Jordaan.

"Toe ons by Wimpie kom, vra hy of ons wil saamvlieg tydens 'n helikoper-toetsvlug oor Hartbeespoortdam.

"Die maan het sy kop uitgesteek en Wimpie het die helikoper laag oor die dam laat sweef. Ek het gesê ek wil gou 'n paar gewyde woorde sê en sy het gedink ek is skoon laf. Net daar vra ek haar toe om te trou."

Debbie het sy ore amper doof gegil, sê Thys.

"Toe vra Wimpie oor die oorfone: 'Is dit 'n ja?' En ons gaan drink vonkelwyn langs die dam."

Albei is dol oor avontuurlustige dinge en lag hulle klaar vir mekaar se droë grappies. Tog verskil hulle soos dag en nag.

"Sy is die rustige, kreatiewe een en ek is ernstig en baie waaghalsiger. Ons vul mekaar ongelooflik aan," sê Thys.

Vir 'n wittebrood is daar nie nou tyd met dié dat Thys se dagboek propvol is nie.

Daarby is hy ook nog besig om homself as afslaer te kwalifiseer, sê die sanger en praat in 'n tipiese "afslaer-stem".

Die liefde het hulle onverhoeds betrap, maar beter kon dit nie.

"Dis van Bo gestuur," sê Thys en kyk na haar met skaap-oë. "Ek sou nooit kon raai daai aand ontmoet ek my trouvrou nie."

En wie weet, dalk wag daar nog lekkerder verrassings . . . □

LINKS: Die twee het lekker saam met vriende in die Outeniqua Choo-Tjoe-stoomtrein tussen Mosselbaai en Knysna gekuier. REGS: Elmé Jansen lyk alte mooi in haar rooi rokkie. NAASREGS en HEEL REGS: Van die lekkernye wat voorgesit is.